GROOT LYDENSWEEK 2007
Goeie Vrydag
6 April 2007, Ds Freddie Schoeman

Markus 14:26-52. Gisteraand het die drie tonele van hierdie gedeelte voor ons geestesoë afgespeel toe ons dit deurgelees het. Vanoggend wil ek u uitnooi om net weer by hierdie tonele stil te staan. Ek dink dat dit 'n kragtige boodskap vir elkeen van ons het. *Wanneer ons dit weer deurlees, fokus veral op die reaksie en die optrede van die dissipels.*

Markus 14:26-52

Eerste toneel: Jesus sê dat Petrus Hom gaan verloën

Tweede toneel: Jesus bid in Getsemane en die dissipels raak aan die slaap

Derde toneel: Jesus word gevange geneem.

Een van die moeilikste aspekte van grootword is wanneer jy besef dat jou ouers ook maar gewone mense is. Hulle is toe nie die grootste en sterkste en die slimste nie. Hulle maak ook foute en hulle gee ook toe aan versoekings. Dis 'n moeilike deel, maar 'n noodsaaklik deel van grootword.

In die boek Kringe in 'n Bos, vertel Dalene Mathee van so 'n oomblik in die hoofkarakter Saul se lewe. Sy pa, Joram Barnard was die held in sy lewe. Tot die dag toe hulle waenhout dorp te gebring het terwyl mister McDonald skielik sê waenhout is nie nodig nie en hulle het dwarslêers nodig. McDonald het hulle so sleggesê dat Saul gedink het sy pa gaan hom enige oomblik foeter … maar toe gebeur die teenoorgestelde.

> "Ons sal gaan dwarslêers werk, meneer," het sy pa mooigepraat. "As mister McDonald dan net vooruit kan help met 'n groter goodfor vir meel en suiker en koffie en … 'n bietjie twak tog, asseblief. Ek belowe meneer ons sal gaan dwarslêers werk."
>
> Saul was nooit weer kind ná daardie dag nie. Iets breek in jou as jou pa, groot sterk Joram Barnard, wat 'n byl kon swaai soos geen ander man in die bos nie, wat 'n treksaag lynreg deur die dikste kalanderblok kon laat skree, wat met die krag van 'n os kon hout uitsleep, as jy hóm soos 'n hond sien vra om kos en twak.

Wat doen jy as die sterk persoon in jou lewe skielik swak raak? As die leier val, as die voorloper struikel. Ek dink ons kan nogal die dissipels se gevoel van verwildering aanvoel in hierdie tonele van die Markus-verhaal. Jesus was nog altyd sterk gewees, altyd gereed met 'n antwoord, immer gereed met 'n plan.

Maar nou praat Jesus anders. Eers: "Julle gaan almal van My afvallig word." Die dissipels was nog besig om die betekenis van hierdie woorde te verwerk toe hulle naakte vrees by Jesus bespeur in die tuin van Getsemane. En toe: die tempelpolisie wat Jesus kom gevange neem en Hy weerstaan hulle nie. Enkele dae gelede nog het Jesus triomfantelik Jerusalem binne gery en sonder vrees die tafels en die stoel van die geldwisselaars en duiweverkopers op die tempelplein omgekeer en uitdagende gelykenisse vir die Sadduseërs vertel. Wat gaan nou aan? Nou is Jesus swak en kwesbaar.

Wat aangaan is dit: Jesus se dissipels – en ons ook vanoggend – word gekonfronteer met die kruis van Jesus. Die dissipels was omtrent dieselfde ouderdom as Saul Barnard van Dalene Matthee se verhaal – ongeveer veertien, of dalk 'n bietjie ouer. Tyd om groot te word. Tyd om die dinge van 'n kind agter te laat.

Wanneer ons vandag – vanoggend – met die kruis gekonfronteer word, is dit ook 'n tyd / uitnodiging om geestelik volwasse te word. Om oor te gaan van 'n Liewe Jesus geloof (soetsappig / oppervlakkig / praise and worship, hande klap en juig en getuig) – na 'n geloof wat staande kan bly te midde van weerstand en teenstand / 'n geloof wat nie wankel nie – selfs onder die moeilikste omstandighede nie.

Die dissipels se reaksie daardie aand – help ons om vanoggend ons eie reaksie te bepaal. Kom ons meet die vlak van ons geestelike volwassenheid.

Kom ons met onsself teen Petrus. Here, al doen die ander dit … ek sal nie. Vol brawade! Maar ons weet wat gebeur het. Herken ons onsself in Petrus se reaksie dalk?

Kom ons meet onsself teen Judas. Geesdriftige volgeling – maar net as dit ons pas / op ons voorwaardes. Gereed om Jesus te verraai as dinge verkeerd loop. En ons? "Ek sal dit nooit nie!" Ja? En as dinge nie loop soos jy dink dit moet loop nie? As jy voel dat die Here jou in die steek gelaat het?

Kom ons meet onsself teen die dissipels in Getsemane. Petrus, Johannes, Jakobus – bevoorreg om in Jesus se mees intieme oomblik te deel. Ontvang 'n spesiale taak: waak saam met My. 'n Bietjie moeg, uitgeput, uitgebrand. Wil graag, ja – gees gewillig, maar later sak ons uit – vlees is swak.

Kom ons meet onsself teen die dissipels wat weggehardloop het.

Tyd vir grootword, inderdaad! Die realiteit van die kruis vanoggend dwing ons om eerlik te wees met onsself. Hoe volwasse is ons geloof?

...

- Miskien besef ons vanoggend dat ons toe nou nie die geloofshelde is wat ons gehoop het om te wees nie

- Miskien besef ons dat ons nog nie naastenby snap wat dit nou eintlik beteken om 'n dissipels van Jesus te wees nie.

- Miskien wonder ons of ons ooit dit gaan regkry om te dink en te voel en op te tree soos Jesus van ons verwag.

Dan is daar een troos: Soos wat Jesus later Petrus vergewe het en hom nie verwerp het nie – so maak Jesus ook met ons. Hy sal ons nooit verwerp nie. Ook dit is die boodskap van die kruis!

Amen